GROEIGROEP MATERIAAL

Onbeskaamd in ons Geloof

Waag om te gaan in geloof

Opening

Het jy al êrens in jou lewe na 'n plek moes gaan wat jy nie van gehou het/ nie wou gaan nie?

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Daar was twee woorde wat vir Jesus baie beteken het. Die woorde wat Hy dikwels gebruik het met twee aksies te doen. Die woorde *"Kom"* en *"Gaan"*. Gesels saam hoekom julle dink hierdie woorde baie gebruik is?

Twee sulke voorbeelde is:

MATTEUS 11:28-30 AFR83

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."

LUKAS 7:50 AFR83

Maar Jesus sê vir die vrou: "Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede."

KOM ONS LEES

Lukas 10:1-11

Ná hierdie dinge het die Here sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor hom uit gestuur na elke stad en plek waar Hy wou gaan. 2 Toe het hy vir hulle begin sê: "Die oes is werklik groot, maar die werkers is min. Smeek dan die Heer van die oes om werkers in sy oes uit te stuur. 3 Gaan. Kyk! Ek stuur julle soos lammers onder wolwe in. 4 Moenie 'n beurs of 'n voedselsak of sandale saamdra nie, en moet niemand langs die pad met 'n omhelsing groet nie. 5 Oral waar julle in 'n huis ingaan, sê eers: 'Mag hierdie huis vrede hê.' 6 En as daar 'n vriend van vrede is, sal julle vrede op hom rus. Maar so nie, sal dit na julle

toe terugkeer. 7 Bly dan in daardie huis+ en eet en drink wat hulle voorsien, want die werker is sy loon werd. Moenie van huis tot huis trek nie.
8 “En oral waar julle in ’n stad ingaan en hulle julle ontvang, eet wat vir julle voorgesit word, 9 en genees die siekes daarin, en hou aan om vir hulle te sê: ‘Die koninkryk van God het naby julle gekom.’ 10 Maar oral waar julle in ’n stad ingaan en hulle julle nie ontvang nie, gaan uit in sy breë strate en sê: 11 ‘Selfs die stof wat uit julle stad aan ons voete gekleef het, vee ons teen julle af. Hou dít nietemin in gedagte, dat die koninkryk van God naby gekom het.’

Wat staan vir julle uit in die teks?

_____

_____

Wat maak dit vandag moeilik op te ‘gaan’? Was dit makliker in die Bybelse tyd?

_____

_____

GAAN! As julle die woord moet definieer uit ‘n Christelike perspektief in vandag se konteks.

Hoe sou julle dit doen?

_____

_____

Wat maak dit moeilik om te gaan / om die woord van God *onbeskaamd* te deel met ander waar jy gaan?

_____

_____

Lees ook - LUKAS 14:15-24 saam en gesels oor ons roeping:
HIERDIE IS ONS ROEPING

- GAAN – Om God te gehoorsaam
- Gaan – Om goed te doen
- Gaan – Om evangelie verkondig
- Gaan – Om goddelike lewe te lei
- GAAN – Om mense terug te wen vir God

_____

_____

Slot

Waar kan ons begin? Hoe kan ons as omgeegroep (Groeigroep) mekaar help om sout en lig vir die wereld te wees. Kom ons raak prakties en laat ons woorde in dade oorgaan. Watter projek of uitreik geleentheid kan ons by betrokke raak in Kerk-in-Suid?

_____

_____

Amen...